24 Julie 2018 **INSIG 2/2018**

AANRANDING

Dis aanranding!

Een van die herhalende probleme waarmee opvoeders sukkel is ernstige frustrasie wat opbou as gevolg van die swak gedrag en die gebrekkige dissipline van leerders en die oënskynlike of werklike oneffektiwiteit van die skool se gedragskode.

Hierdie frustrasie kook dan dikwels oor en kan in verskeie vorms manifesteer. Dit kan insluit emosionele uitbarstings of -ineenstortings, onttrekking of apatie en gewelddadige uitbarstings. Dit is veral die uitbarstings wat lei tot fisieke aksies wat gerig word op leerders of kollegas wat as moontlike aanranding geag kan word.

In hierdie nuusbrief sal die verskillende verskyningsvorme van aanranding aandag geniet en sal daar gepoog word om die fyn lyn tussen gewone fisiese kontak en aanranding te bepaal.

Let asseblief daarop dat die plaag van aanrandings teen opvoeders reeds aangespreek word in **Nuusbrief 1/2018**. Die generiese aard van aanranding is egter eweneens op leerders sowel as opvoeders van toepassing. Die beduidende verskil tussen 'n leerder oortreder en ’n opvoeder is toerekeningsvatbaarheid met betrekking tot aanspreeklikheid.

As vertrekpunt word die statutêre bepalings met betrekking tot aanranding in die onderwyskonteks oorweeg, nl:

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET 84 VAN 1996
Artikel 10:
Verbod op lyfstraf

(1) Geen persoon mag by 'n skool lyfstraf aan 'n leerder toedien nie.

(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word.

WET OP DIE INDIENSNEMING VAN OPVOEDERS 76 VAN 1998
Artikel 17:
Ernstige wangedrag
(1) 'n Opvoeder moet ontslaan word indien hy of sy skuldig bevind word aan-

> *(d) ernstige aanranding, met die opset om ernstige liggaamlike leed aan te doen, op 'n leerder, student of ander werknemer;*
> *(f) daaraan dat hy of sy die oorsaak daarvan is dat 'n leerder of 'n student enige van die dade beoog in paragrawe (a) tot (e) pleeg.*

Artikel 18:
Wangedrag
(1) Wangedrag het betrekking op die ineenstorting van die diensverhouding en 'n opvoeder pleeg wangedrag indien hy of sy-

> *(q) onderwyl aan diens, hom of haar op 'n onbehoorlike, skandalige of onaanvaarbare wyse gedra;*
> *(r) 'n ander werknemer of 'n ander persoon aanrand, of poog of dreig om dit te doen;*
> *(dd) 'n gemeenregtelike of statutêre misdryf pleeg;*

RAVO etiek kode
Gedrag – Die Opvoeder en die Leerder
3. 'n Opvoeder:
3.4 beoefen outoriteit me deernis;
3.5 vermy enige vorm van vernedering, en weerhou hulself van enige vorm van mishandeling van 'n fisiese of psigiese aard;
3.6 vermy onbehoorlike fisiese kontak met leerders;

Die netto effek van bogemelde aanhalings is: **Moet nie leerders en kollegas aanrand nie**.

Maar wat behels aanranding?

Aanranding in Suid-Afrika is 'n gemeenregtelike misdaad wat gedefinieer kan word as:
Die onregmatige en opsetlike

- *Toepassing van krag, , geweld en/of aantasting aan die persoon van 'n ander; of*
- die skep van *''n oortuiging by 'n ander persoon dat sodanige geweld of aantasting onmiddellik teen hom of haar toegepas gaan word;*

Bykomend: *Aanranding met die bedoeling om ernstig te beseer is nog 'n vorm van aanranding, met die bedoeling om ernstige liggaamlike besering te berokken.*

Bogemelde is 'n baie vereenvoudigde siening oor die onderwerp van aanranding, maar dit bevat steeds die belangrikste faktore, nl:

- Wederregtelikheid (jy is bewus daarvan dat dit onwettig is);
- 'n handeling; en
- die direkte of indirekte inwerking op die liggaamlike integriteit van 'n ander persoon.

Let ook daarop dat die skep van 'n onmiddellike indruk dat ‘n persoon aangerand gaan word ook as aanranding geag word. Dus, moet opvoeders baie versigtig wees oor die maak van dreigemente van geweld teenoor leerders en kollegas.

Die woorde wat opvoeders uiter (of skree) teenoor leerders, mag dalk soms as ‘n grap bedoel word of sonder die bedoeling om die daad deur te voer. Daar bly egter steeds ‘n kans dat ‘n ontvanklike kind die opmerking as 'n baie werklike en dreigende bedreiging kan interpreteer.

Vir interessantheid op die onderwerp van lyfstraf kyk ons na die Wes-Kaap Departement van Onderwys se omskrywing in omsendbrief 0024/2016 by 5.1:

*“**Corporal punishment** is defined as any deliberate act against a child that inflicts pain or physical discomfort to punish or contain him/her. This includes, but is not limited to, spanking, slapping, pinching, paddling or hitting a child with a hand or any other object; denying or restricting a child's use of the toilet; denying meals, drink, heat and shelter; pushing or pulling a child with force; forcing the child to do exercise. It is, therefore, not just about caning but also refers to an assault on a person (learner) in any manner whatsoever.”*

Dit lei ons tot die oorsig van verskeie ander **ongewone** vorme van aanranding wat al na vore gekom het in die skoolomgewing:

1. Soos bo, word die dwing van leerders om fisiese oefeninge te doen as 'n vorm van aanranding en in 'n mate, lyfstraf erken. (Lyfstraf kan in hierdie konteks direk vertaal na straf van/aan die liggaam.)
2. Om 'n leerder te dwing om iets te eet of drink teen sy/haar wil. Hierdie voorbeeld is vanselfsprekend. Die goue reël is om altyd versigtig te wees wanneer die woord 'Dwing/forseer' ter sprake kom.
3. 'n Leerder te dwing om in die son te staan (of enige ander ongure weerstoestande) as straf, is aanranding. Dit kom meestal voor waar 'n leerder uit die klas gejaag is met die instruksie om op 'n aangewese plek te staan waar die opvoeder hom steeds kan sien. Sou dié plek nadelig vir die leerders se gesondheid geag kan word, kan dit ‘n voorbeeld wees waar geen fisiese kontak plaasvind nie, maar dit steeds as aanranding beskou kan word. (Let asseblief daarop dat leerders wat uit die klas verwyder word 'n onderwerp vir bespreking in eie reg is. Neem egter in ag dat dit altyd omstrede is)
4. Om toe te laat dat 'n kind deur ander leerlinge afgeknou word, kan neerkom op aanranding (*Dolus eventualis*). Terwyl om opdrag te gee dat leerders ‘n ander leerder aanval 'doelbewuste' aanranding sal uitmaak.

Ter opsomming, kan enige onregmatige inbreukmaking van die liggaamlike integriteit van 'n ander persoon as aanranding beskou word.

So, hoe vermy mens om diegene rondom ons op 'n daaglikse basis aan te rand wanneer jy 'n handdruk gee of iemand op die rug klop?

Die beste benadering is om die aspek van wederregtelikheid te oorweeg. Wanneer ‘n mens wettig optree, is daar bittermin wat mens nie met ‘n skoon gewete kan doen nie. 'n Uitstekende voorbeeld van 'n regverdigingsgrond teen wederregtelikheid is **toestemming.** Wanneer jy jou hand aan 'n vriend aanbied en hy/ sy hand uitsteek om jou hand te neem, is daar toestemming en dus geen aanranding nie. Maar as daar gepoog word om die ander persoon se hand so hard as wat jy kan te druk en pyn veroorsaak, is die verwyt van aanranding aanwesig en kan dit as aanranding geag word.

Soortgelyk hieraan kan ‘n klop op die rug deur een persoon as welkome bemoediging beskou word, maar as die grense oorskry word, sal dit as onwelkome en ongevraagde aanraking deur ‘n ander persoon geag kan word. Alhoewel hierdie alledaagse voorbeelde is, illustreer dit nogtans die 'fyn lyn' wat vroeër vermeld is.

Dit is egter ook noodsaaklik om melding te maak van ‘n baie belangrike grond vir **regverdiging/verdediging** teen wederregtelikheid, nl. noodweer en/of noodtoestand. Noodweer en noodtoestand is baie uiteenlopende beginsels. Eenvoudig gestel is noodweer/noodtoestand 'n regverdigingsgrond wat gebruik word wanneer jy gedwing word om op te tree om jouself en/of ander (insluitende jou en ander se eiendom of ander regs erkende belang) van 'n menslike aanval of ander gevaarlike situasie te beskerm. Dit is belangrik om hier te onthou is dat die afweringshandeling altyd proporsioneel moet wees, en dat noodweer en noodtoestand nie breë beskerming vir enige handeling bied nie.

Die sleutelkomponent vir die beoordeling van noodweer/-toestand is **objektiewe redelikheid**. Sou die objektief redelike persoon dieselfde opgetree het in dieselfde situasie? As die antwoord 'Ja' is, dan is die optrede regmatig. Indien die antwoord 'nee' is, is daar steeds die moontlikheid van aanranding.

(Let wel: Noodweer wat dalk beter bekend staan as selfverdediging, het ‘n ander vorm naamlik putatiewe-noodweer. Hiér word daar na die betrokke individu se gemoedstoestand ook gekyk in die bepaling van redelikheid.)

Soos wat uit die bostaande afgelei kan word, is daar 'n magdom van verskillende vorme van aanranding en byna soveel statutêre bepalings gereed om teen opvoeders gebruik te word. Gelukkig is daar net een ding wat ons moet onthou om onsself te beskerm, nl. ons moet streef om altyd redelik op te tree. Dit is nie so maklik soos dit klink nie, want die redelikheid wat vereis word is nie noodwendig die redelikheid wat ons aan dink nie. Ons is almal verskillend, met verskillende agtergronde, verskillende waardes en verskillende oortuigings. Dit is belangrik dat ons onbevooroordeeld in ons redelike optrede en interaksies met ons naastes moet wees.

In kort, dwaal eerder op die veilige kant. Dit is altyd beter om eerder versigtig as jammer te wees.

24 July 2018 **INSIGHT 2/2018**

ASSAULT

That's Assault

One of the recurring problems faced by educators these days is the frustration that builds up due to the ill-discipline of learners and the apparent, or genuine inefficiency of the school's code of conduct.

This frustration usually boils over and manifests in numerous forms. Among these are emotional breakdowns, excessive apathy and violent outbursts. The latter will be our focus in this newsletter because when a violent outburst is directed at learners or colleagues, it may constitute assault.

In this newsletter we will consider the various forms that assault can take. We will also attempt to determine the fine line between necessary physical contact and assault.

Please note that the scourge of assaults perpetrated against educators has already been addressed in Newsletter 1/2018. However, many of the aspects regarding assault also apply to learner perpetrators as well. The difference between a learner perpetrator and an educator is capacity in relation to accountability.

As a point of departure, the statutory stipulations regarding assault in the schooling environment must be considered.

South African Schools Act 84 of 1996:
Section 10:
Prohibition of corporal punishment.—

> *(1) No person may administer corporal punishment at a school to a learner.*
> *(2) Any person who contravenes subsection (1) is guilty of an offence and liable on conviction to a sentence which could be imposed for assault.*

Employment of Educators Act 76 of 1998
Section 17:
Serious misconduct.—
(1) An educator must be dismissed if he or she is found guilty of—

> *(d) seriously assaulting, with the intention to cause grievous bodily harm to, a learner, student or other employee;*
> *(f) causing a learner or a student to perform any of the acts contemplated in paragraphs (a) to (e).*

Section 18:
Misconduct.—
(1) Misconduct refers to a breakdown in the employment relationship and an educator commits misconduct if he or she—

> *(q) while on duty, conducts himself or herself in an improper, disgraceful or unacceptable manner;*
> *(r) assaults, or attempts to or threatens to assault, another employee or another person;*
> *(dd) commits a common law or statutory offence;*

SACE code of Ethics
Conduct: The Educator and the Learner:
3. An educator:
3.4 exercises authority with compassion;
3.5 avoids any form of humiliation, and refrains from any form of abuse, physical or psychological;
3.6 refrains from improper physical contact with learners;

All of the above excerpts carry the same message: **Do not assault learners and/or colleagues.**

But what constitutes assault?

Assault in South Africa is a common law crime that can be defined as: *"unlawfully and intentionally*

- *applying force to the person of another; or*
- *inspiring a belief in another person that force is immediately to be applied to him or her;"*

In addition:

> *"Assault with intent to cause grievous bodily harm is another form of assault, committed however with the intention to cause serious bodily injury."*

The above is a very simplified view on the subject of assault, but it still contains some of the main key points, i.e.:

- Unlawfulness;
- an act or omission; and
- the direct or indirect infringement of the bodily integrity of another person.

Please note that the act of creating a reasonable impression of an imminent or possible act of assault also constitutes assault. Therefore, educators need to be very careful not to make any utterances or threats of possible acts of violence to learners or colleagues.

The words educators say (or scream) to learners might be made in jest or with no intention to follow through with them, but it is still plausible that the impressionable child may interpret any remark as a very real and imminent threat.

On a point of interest, regarding the topic of corporal punishment, the Western Cape Department of Education in its Circular 0024/2016 at 5.1 states:

> *"**Corporal punishment** is defined as any deliberate act against a child that inflicts pain or physical discomfort to punish or contain him/her. This includes, but is not limited to, spanking, slapping, pinching, paddling or hitting a child with a hand or any other object; denying or restricting a child's use of the toilet; denying meals, drink, heat and shelter; pushing or pulling a child with force; forcing the child to do exercise. It is, therefore, not just about caning but also refers to an assault on a person (learner) in any manner whatsoever."*

This leads us to the examination of various other **unusual** forms of assault that have been found to be assault in a school environment:

1. As above, forcing learners to do physical exercises (PT) as a form of punishment constitutes assault and, to an extent, corporal punishment. (Corporal punishment in this context directly translates to punishment of/to the body.)
2. Forcing a learner to eat or drink anything against his/ her will. This example is self-explanatory. The golden rule is always be careful when the word 'force' comes into play.
3. Forcing a child to stand in the sun (or any other harsh weather condition) as punishment, is assault. This mostly occurs where a learner is chased out of class and must then stand on a designated spot where the educator can still see him/her. If the designated spot is deemed to be detrimental to the learner's health, it constitutes an example of where no physical contact takes place between the victim and the perpetrator, but which still constitutes assault. (Please note that removing a learner from class is a topic for discussion in its own right and this section does not necessarily condone the practice.)
4. Allowing a child to be bullied and physically assaulted by others can be a form of assault (*dolus eventualis*). While instructing other learners to attack another learner will constitute 'deliberate' assault.

In summary and as stated above, any unlawful infringement of the bodily integrity of another person, may constitute assault.

So how does one avoid assaulting those around one on a daily basis when, for example you shake a hand or give someone a pat on the back?

The best approach is to consider the aspect of lawfulness. When acting lawfully, there is very little that one cannot do with a clear conscience. An excellent example of a ground for lawfulness in one of the examples just mentioned is **consent.** When you offer your hand to a friend and they reach out to take it, there is consent and therefore no assault. But what happens if you then decide to try and squeeze your friend's hand as hard as you can with his face contorting in pain? That changes the situation and depending on your friend's response to the situation, may be deemed to be assault.
Similarly, a pat on the back might mean welcome encouragement to one person and unwelcome physical contact to the next. These are light-hearted examples, but they illustrate the 'fine line' mentioned earlier.

Another very important ground for justification against unlawfulness, is necessity and private defence. Necessity/private defence is an extensive topic. Simply put necessity/private defence is used as a defence when you are forced to act to protect yourself and/or others (including your and other's property or some other legally recognised interest) from either a human attack or other dangerous situation. Important to remember here is that the actions taken in defence should always be in proportion to the attack/situation. Necessity/private defence does not give a blanket cover for all actions taken.

The key component for both consent and especially necessity/private defence is **objective reasonableness**. Would the objectively reasonable person have done the same if faced with the same circumstances? If the answer is 'yes', then the person acted lawfully. If the answer is 'no' then there is still the possibility of assault.

(Please Note: Private defence aka Self-defence has another form known as putative private defence. In this form the courts not only look at the reasonable person but also at the state of mind of the individual.)

To conclude: some general advice. As may be deduced from the above, there is a myriad different forms of assault and almost as many statutory provisions ready to be used against educators. But luckily there is only one thing that we need to remember in order to protect ourselves, and that is to always act reasonably. And this is not as easy as it seems, for the reasonableness that is required is not necessarily the reasonableness we envisage. We are all different, with different backgrounds, different values and different beliefs. Therefore we must remain open-minded in our reasonable actions and interactions with those around us.

In short, rather be on the safe side. I It is always better to be safe than sorry.

WET OP DIE INDIENSNEMING VAN OPVOEDERS 76 VAN 1998
Artikel 17:
Ernstige wangedrag
(1) 'n Opvoeder moet ontslaan word indien hy of sy skuldig bevind word aan-

> *(d) ernstige aanranding, met die opset om ernstige liggaamlike leed aan te doen, op 'n leerder, student of ander werknemer;*
> *(f) daaraan dat hy of sy die oorsaak daarvan is dat 'n leerder of 'n student enige van die dade beoog in paragrawe (a) tot (e) pleeg.*

Artikel 18:
Wangedrag
(1) Wangedrag het betrekking op die ineenstorting van die diensverhouding en 'n opvoeder pleeg wangedrag indien hy of sy-

> *(q) onderwyl aan diens, hom of haar op 'n onbehoorlike, skandalige of onaanvaarbare wyse gedra;*
> *(r) 'n ander werknemer of 'n ander persoon aanrand, of poog of dreig om dit te doen;*
> *(dd) 'n gemeenregtelike of statutêre misdryf pleeg;*

RAVO etiek kode
Gedrag – Die Opvoeder en die Leerder
3. 'n Opvoeder:
3.4 beoefen outoriteit me deernis;
3.5 vermy enige vorm van vernedering, en weerhou hulself van enige vorm van mishandeling van 'n fisiese of psigiese aard;
3.6 vermy onbehoorlike fisiese kontak met leerders;

Die netto effek van bogemelde aanhalings is: **Moet nie leerders en kollegas aanrand nie**.

Maar wat behels aanranding?

Aanranding in Suid-Afrika is 'n gemeenregtelike misdaad wat gedefinieer kan word as:
Die onregmatige en opsetlike

- *Toepassing van krag, , geweld en/of aantasting aan die persoon van 'n ander; of*
- die skep van *''n oortuiging by 'n ander persoon dat sodanige geweld of aantasting onmiddellik teen hom of haar toegepas gaan word;*

Bykomend: *Aanranding met die bedoeling om ernstig te beseer is nog 'n vorm van aanranding, met die bedoeling om ernstige liggaamlike besering te berokken.*

Bogemelde is 'n baie vereenvoudigde siening oor die onderwerp van aanranding, maar dit bevat steeds die belangrikste faktore, nl:

- Wederregtelikheid (jy is bewus daarvan dat dit onwettig is);
- 'n handeling; en
- die direkte of indirekte inwerking op die liggaamlike integriteit van 'n ander persoon.

Let ook daarop dat die skep van 'n onmiddellike indruk dat ‘n persoon aangerand gaan word ook as aanranding geag word. Dus, moet opvoeders baie versigtig wees oor die maak van dreigemente van geweld teenoor leerders en kollegas.

Die woorde wat opvoeders uiter (of skree) teenoor leerders, mag dalk soms as ‘n grap bedoel word of sonder die bedoeling om die daad deur te voer. Daar bly egter steeds ‘n kans dat ‘n ontvanklike kind die opmerking as 'n baie werklike en dreigende bedreiging kan interpreteer.

Vir interessantheid op die onderwerp van lyfstraf kyk ons na die Wes-Kaap Departement van Onderwys se omskrywing in omsendbrief 0024/2016 by 5.1:

*“**Corporal punishment** is defined as any deliberate act against a child that inflicts pain or physical discomfort to punish or contain him/her. This includes, but is not limited to, spanking, slapping, pinching, paddling or hitting a child with a hand or any other object; denying or restricting a child's use of the toilet; denying meals, drink, heat and shelter; pushing or pulling a child with force; forcing the child to do exercise. It is, therefore, not just about caning but also refers to an assault on a person (learner) in any manner whatsoever.”*

Dit lei ons tot die oorsig van verskeie ander **ongewone** vorme van aanranding wat al na vore gekom het in die skoolomgewing:

1. Soos bo, word die dwing van leerders om fisiese oefeninge te doen as 'n vorm van aanranding en in 'n mate, lyfstraf erken. (Lyfstraf kan in hierdie konteks direk vertaal na straf van/aan die liggaam.)
2. Om 'n leerder te dwing om iets te eet of drink teen sy/haar wil. Hierdie voorbeeld is vanselfsprekend. Die goue reël is om altyd versigtig te wees wanneer die woord 'Dwing/forseer' ter sprake kom.
3. 'n Leerder te dwing om in die son te staan (of enige ander ongure weerstoestande) as straf, is aanranding. Dit kom meestal voor waar 'n leerder uit die klas gejaag is met die instruksie om op 'n aangewese plek te staan waar die opvoeder hom steeds kan sien. Sou dié plek nadelig vir die leerders se gesondheid geag kan word, kan dit ‘n voorbeeld wees waar geen fisiese kontak plaasvind nie, maar dit steeds as aanranding beskou kan word. (Let asseblief daarop dat leerders wat uit die klas verwyder word 'n onderwerp vir bespreking in eie reg is. Neem egter in ag dat dit altyd omstrede is)
4. Om toe te laat dat 'n kind deur ander leerlinge afgeknou word, kan neerkom op aanranding (*Dolus eventualis*). Terwyl om opdrag te gee dat leerders ‘n ander leerder aanval 'doelbewuste' aanranding sal uitmaak.

Ter opsomming, kan enige onregmatige inbreukmaking van die liggaamlike integriteit van 'n ander persoon as aanranding beskou word.

So, hoe vermy mens om diegene rondom ons op 'n daaglikse basis aan te rand wanneer jy 'n handdruk gee of iemand op die rug klop?

Die beste benadering is om die aspek van wederregtelikheid te oorweeg. Wanneer ‘n mens wettig optree, is daar bittermin wat mens nie met ‘n skoon gewete kan doen nie. 'n Uitstekende voorbeeld van 'n regverdigingsgrond teen wederregtelikheid is **toestemming.** Wanneer jy jou hand aan 'n vriend aanbied en hy/ sy hand uitsteek om jou hand te neem, is daar toestemming en dus geen aanranding nie. Maar as daar gepoog word om die ander persoon se hand so hard as wat jy kan te druk en pyn veroorsaak, is die verwyt van aanranding aanwesig en kan dit as aanranding geag word.

Soortgelyk hieraan kan ‘n klop op die rug deur een persoon as welkome bemoediging beskou word, maar as die grense oorskry word, sal dit as onwelkome en ongevraagde aanraking deur ‘n ander persoon geag kan word. Alhoewel hierdie alledaagse voorbeelde is, illustreer dit nogtans die 'fyn lyn' wat vroeër vermeld is.

Dit is egter ook noodsaaklik om melding te maak van ‘n baie belangrike grond vir **regverdiging/verdediging** teen wederregtelikheid, nl. noodweer en/of noodtoestand. Noodweer en noodtoestand is baie uiteenlopende beginsels. Eenvoudig gestel is noodweer/noodtoestand 'n regverdigingsgrond wat gebruik word wanneer jy gedwing word om op te tree om jouself en/of ander (insluitende jou en ander se eiendom of ander regs erkende belang) van 'n menslike aanval of ander gevaarlike situasie te beskerm. Dit is belangrik om hier te onthou is dat die afweringshandeling altyd proporsioneel moet wees, en dat noodweer en noodtoestand nie breë beskerming vir enige handeling bied nie.

Die sleutelkomponent vir die beoordeling van noodweer/-toestand is **objektiewe redelikheid**. Sou die objektief redelike persoon dieselfde opgetree het in dieselfde situasie? As die antwoord 'Ja' is, dan is die optrede regmatig. Indien die antwoord 'nee' is, is daar steeds die moontlikheid van aanranding.

(Let wel: Noodweer wat dalk beter bekend staan as selfverdediging, het ‘n ander vorm naamlik putatiewe-noodweer. Hiér word daar na die betrokke individu se gemoedstoestand ook gekyk in die bepaling van redelikheid.)

Soos wat uit die bostaande afgelei kan word, is daar 'n magdom van verskillende vorme van aanranding en byna soveel statutêre bepalings gereed om teen opvoeders gebruik te word. Gelukkig is daar net een ding wat ons moet onthou om onsself te beskerm, nl. ons moet streef om altyd redelik op te tree. Dit is nie so maklik soos dit klink nie, want die redelikheid wat vereis word is nie noodwendig die redelikheid wat ons aan dink nie. Ons is almal verskillend, met verskillende agtergronde, verskillende waardes en verskillende oortuigings. Dit is belangrik dat ons onbevooroordeeld in ons redelike optrede en interaksies met ons naastes moet wees.

In kort, dwaal eerder op die veilige kant. Dit is altyd beter om eerder versigtig as jammer te wees.